BYBELSTUDIE DOOD EN HIERNAMAALS 10

Tema: Eindbestemming – Die Hel.

Opsomming Les 09:

- Die Bybel onderskei tussen die ewige straf en die ewige lewe.
- Jesus self verduidelik dat die hel bestaan. Die Bybel bevestig dat die goddelose se einde die hel is.
- Vir die smart van die hel word verskeie beelde en uitdrukkings in die Bybel gebruik. Dit dui as reël die geestelike lyding van die goddelose aan.
- Sheol word in die Afrikaanse Bybel vertaal met doderyk, maar verwys ook volgens konteks na die graf en in ander gevalle na die hel [Ps.9:18 en 55:16 waar hel 'n beter vertaling is].
- Hades [Nuwe Testament Grieks vir Sheol] beteken hel. Dit is die plek van smart.

Bybelstudie Dood en Hiernamaals Les 10. Eindbestemming – Die Hel.

Die woord 'hel' dui in Afrikaans die plek van ewige straf vir die goddelose aan. In die Nuwe Testament word in die oorspronklike taal drie woorde gebruik om hierdie gedagte aan te spreek naamlik: Hades [10], Gehenna [12 en Tartarus [1]. Ons het reeds in Les 09 aandag gegee aan Hades. Aangesien Gehenna prominent is en heelwat gebruik word, fokus ons op die woord.

Gehenna se oorsprong lê in die Ou Testament. Dit kom van Ge-Hinnom [die land van Hinnom] en is 'n vallei wat naby Jerusalem lê. Later is dit Tofet genoem.

1. LEES: Jeremia 7:31-34; 19:2-4 en 6.
   In hierdie gedeeltes voorspel Jeremia dat die goddelike oordeel Tofet sal tref. **Waaruit sou hierdie oordeel bestaan en wat sou die plek genoem word**?

2. LEES: Jesaja 30:33; 2 Kronieke 28:1,3; 33:1-2,6 maar ook 2 Konings 23:10-21.
   Beskryf in u eie woorde wat hierdie Skrifgedeeltes ons oor die geskiedenis van Ge-Hinnom [Tofet] leer. Let veral op die rol van die konings.

3. Ge-Hinnom het beeld geword van die ewig brandende vuur buite Jerusalem. **Watter beelde kom nog na vore uit die vorige Skrifgedeeltes en hoe kan ons dit toepas op die hel**?

4. Wat is die verskil tussen Hades en Gehenna?

5. LEES: Markus 9:43-44, 48; Lukas 3:17; Judas: 6,7; Openbaring 14:9-11 en daarmee saam 2 Tessalonisense 1:8-9.
   Hoe word die straf in die hel in hierdie gedeeltes beskryf? Beskryf dit in die lig van Matteus 25:46 – "*En hulle sal weggaan in die ewige straf, maar die regverdiges in die ewige lewe.*"

In ons vrae en antwoorde het ons gesien dat die hel 'n plek is van vuur of van vlamme [Mark.9:43-48; Luk.3:17; 16:19-31; Op.14:10 ens.]. daarmee saam is die hel 'n plek weg van die Here [2 Tess.1:9]. Beteken dit dat God nie teenwoordig is in die hel nie? Maar Hy is tog alomteenwoordig. En is die vuur is die hel werklik of nie?

6. LEES: Markus 9:43; Matteus 18:8; Matteus 8:12; 22:13 en 25:30.
   Is dit werklik vuur wat vir ewig in die hel brand of nie?

7. LEES: Psalm 139:7-12; Hebreërs 12:29; Openbaring 6:16 teenoor 2 Tessalonisense 1:9.
   Is God teenwoordig in die hel?

ANTWOORD.

1. Daar het verskriklike goddeloosheid in Ge-Hinnom geheers. Volgens Jeremis sou God die plek vernietig sodat dit bekend sou staan as ‘die Moorddal’.
2. In Hebreeus beteken Tofet ‘om uit te spoeg’ of ‘om te verbrand’. So was daar in Tofet ’n diep gat waarin hout opgestapel is. Hierdie hout is aan die brand gesteek [Jes.30:33]. Volgens 2 Kronieke 28 en 33 het die goddelose konings Agas en Manasse hulle kinders in hierdie vuur laat offer vir die afgod Molog. Dit was die godvresende koning Josia wat Tofet weer herstel het en al die goddeloosheid beëindig het [2 Konings 23]. Van daar is Jerusalem se afval daar verbrand. Op die manier kom Gehenna dan van Ge-Hinnom.
3. Die beelde wat na vore kom is goddeloosheid en goddelike oordeel. Daarmee saam geweldige pyn vir diegene wat in die vuur verbrand word. So het Ge-Hinnom ’n simbool geword van die ewige woonplek van die goddelose, naamlik die hel. Ge-Hinnom word in Grieks Gehenna – die plek van oordeel en voortdurende pyniging.
4. Wat plek betref [hel] is Hades en Gehenna presies dieselfde. Maar Hades wys na die woonplek van die goddelose siele voor die wederkoms van Christus en die eindoordeel. Gehenna op sy beurt verwys na die woonplek van die goddelose se liggaam en siel ná die wederkoms en oordeelsdag.
5. Volgens die Skrifgedeeltes is die straf in die hel sonder ophou. Die vuur is onuitblusbaar en die wurm sterf nooit. Ook hulle boeie is vir ewig. Hulle het dag en nag geen rus nie.

Met hierdie beeldspraak word verduidelik dat die goddeloses sal weggaan voor die aangesig van die Here [2 Tess.1:9] in die ewige straf. Dit sal permanent wees.

6. Let op die teenstrydigheid wat as beelde gebruik word: aan die een kant vuur wat brand wat lig veroorsaak. Aan die ander kant duisternis in die hel. Baie duidelik moet ons hierdie uitdrukkings of beelde geestelik of figuurlik verstaan. Hier word klem gelê op die geestelike lyding wat die goddelose in die hel sal ervaar. Die "vuur" wat nie uitgeblus word nie is simbool van die verterende benoudheid en straf van die skuldige gewete. Die buitenste duisternis daarteenoor is teken van wanhoop weg van die lig van God se genade.
7. Volgens 2 Tessalonisense 1:9 is die goddelose in die hel weg van die aangesig van die Here. Maar God is alomteenwoordig [Ps.139]? natuurlik is God alomteenwoordig en op die manier ook teenwoordig in die hel. Volgens 2 Tessalonisense 1:9 sal die goddelose in die hel nooit direkte kontak met God se heerlikheid geniet nie – in besonder sy liefde. Die hel is daar omdat God daar is in sy toorn [Heb.12:29]. Die hemel is daar omdat God daar is in sy liefde.

****